CA 418 PDV2 61-104

VH Kaptein, waarheen was u onderweg toe gelukkige toeval my op u aggestuur het?

P Pardon Kaptein, ek vrees Kaptein Fitzroy sal u nie verstaan nie - miskien moet ek maar op u vraag antwoord????

VH NODS (Knik met sy kop)

P "Gelukkig is net die regte woord, Kaptein, want het u nie ingetree nie, dan het ons maar swak gevaar, en dalk nie die Kaap die Goeie Hoop gehaal nie.. dit is ons bestemming.

VH Na die Kaap! Voorwaar, toe ek sien dit is Bobbie die Droster wat u aanval, het ek gevrees dat u daar swak van gaan afkom- hy is 'n gevaarlike klant -

P Bob die Droster, is hy dan 'n Engelsman?

VH Nee, nee, ons noem hom maar Bob omdat niemand sy regte naam kan uitspreek nie.

P Bob die Droster... Wat my betref, ek sal hom nooit vergeet nie - wat 'n vegter ... Hoe uiters gelukkig ~~Kaptein~~ dat u daarop afgekom het, maar om die waarheid te sé, toe u hier opdaag so groot en sterk, was ek nie die enigste op hierdie skip wat gevrees het dat ons dalk nou met twee gevare in plaas van een te kampe gaan hê nie, en glo my - een was al meer as genoeg .

VH Ja, een van sy kaliber wel - maar Bob luister vir my - ek het gesein sodra ek binne redelike afstand van hom was..

P Ja ek het dit gemerk, maar ek kon die boodskap nie ontsyfer nie.

VH Dit was maar net.. Stadig Bobbie of dit sal jou berou.

P En tot ons verbasing laat vat hy sak en pak.

VH Ho, ho, ja ek kom goed oor die weg met Bob - maar 'n mens moet hom verstaan. Maar sê my, het ek reg gehoor dat u veral besorgd was omdat daar 'n dame en 'n jongeheer by u aan boord is?

P Jawel Kaptein, ons sou werklik in die pekel gewees het as u nie betyds was nie- want, weet u, die twee is aan ons sorg toevertrou deur niemand minder as....(die Engelse offisiere maak hom stil)..

VH Deur niemand minder as wie nie,

P Pardon Kaptein, mag ek die offisiere spreek voordat ek antwoord?

VH Al te seker...

P Menere... (raadpleeg die manne)
Pardon Kaptein vir die ongewone optrede, veral onder ons benarde omstandighede, maar ons het besluit om onsself aan u goedwilligheid toe te vertrou..

VH En nou?

P Deur niemand minder nie dan Sy Majesteit die Koning van Engeland en...

VH En?

P Die Vorstehuis van Holland.

VH Oho, dit klink besonder interessant. Wie is die dame?

P Sy is, die Gravin Isabella.

VH Isabella? En die jonkman?

P Hy is offisier van die koninklike Hollandse Vloot. Sy naam is Hendrik van Hunks.

VH Van Hunks?

CARNEGIE BIBLIOTEEK Coates Versameling U.S.

PDV2 G1-104



P Ja, Van Hunks, sy loopbaan wek nou alreeds opspraak.

VH Van Hunks...... Kan ek..... mag ek die dame en haar seun ontmoet?

P Met die grootste genoeë Kaptein ..... ons het die grootste vertroue dat u sal meedoen aan ons agting vir ons Koning se vriende en beskermlinge.

Carnegie Biblioteek Coates U.S.

VH (staan op, slaan sy pyp uit om dit weg te sit, en wys die ander om dit ook te doen)

P (onderbreek hom) Hou maar gerus aan met rook - die Gravin Isabella is heeltemal oorgehaal om die aroma van tabak na waarde te skat, en sy sal dit kwalik neem as u om haar ontwil ophou rook.

VH (wys hulle om maar te rook .. bestel drank)
Ho, bring die bekers en skink dit vol .

P. Voordat die Gravin by ons aansluit sou ek u graag een en ander ~~mntre~~ omtrent haar wedervaringe vertel...
Sy het verlief geraak op 'n gemoedelike jong edelman met name Van ~~Hu~~ Hunks, en het met hom getrou, maar dit geheim gehou. Die Prins van Holland was onbewus van haar huwelik en wou haar die hof maak..... .................... Die Prins het Van Hunks nooit vergewe nie, en sy vriendskap het ontbrand in haat teenoor sy voormalige vriend. Die onvermydelike tweegeveg het gevolg...................................................

VH En die Prins, die Prins...

P Die Prins het heeltemal herstel, en het die troue vriend en beskermheer van die Gravin Isabella gebly. Hy het die aarde deursoek na sy eertydse vriend, om hom na Holland terug te bring, maar Van Hunks het spoorloos verdwyn. Verlede jaar, nadat die Prins oorlede is, het daar vir die eerste keer in twee en twintig jaar berig gekom dat Van Hunks naby die Kaap die Goeie Hoop gewaar is. Sy het toe onmiddellik met behulp van die twee Vorstehuise reelings getref om na die Kaap te vaar op soek na haar geliefde man - daarom is ons nou hier, in volle vaart na die Kaap die Goeie Hoop... en nou "Bob" (hy gooi sy ~~ar~~ arms wanhopig omhoog)

VH ~~Kaptein~~ Vriende, wees gerus ... na Kaap die Goeie Hoop sal ons gaan. Ek sal doen wat ek kan om julle te help. Pardon menere...

<u>Isabella se binnekoms volg nou</u>...

CF I fear me, I should have done better and not brought this calamity upon us -

P Maar ~~ek~~ ons het gedink dat ons gou met Bob die Droster sou kon afhandel, toe hy ons aanval - Die mens wik en God beskik - maar hierdie ~~Kapt~~ Kaptein wat ons gered het, is 'n galante heer - ek het nogal sy vlag eers aangesien vir die seerowers vlag..

Jannie... Dit was die seerowersvlag vir 'n rukkie meneer...

P Vir 'n rukkie - hoe bedoel jy?

J. Ja meneer, om Bob die teken te gee dat ons hom aanval..

P So, wie is hy dan, hierdie man wat ek graag my geëerde vriend sou noem?

<u>Herontmoeting van VH en Isable volg hierop</u> .....

1.10.96

Carnegie Biblioteek Coates Versameling U.S.

PDV2 G1.104



BRANDT Kaptein die glas is baie laag en sak nog vinnig

VH Ons sal maar moet voorberei vir enige gebeurlikheid.
Bring die sloep langgaan... Kaptein Fitzroy en vriende
Dit spyt my om die geslleegheid te onderbreek, maar plig roep..
miskien wou u na u skip teruggaan?

P Ha seker, dit is..

VH Want ek vrees ons vaar 'n stromagtige, gevaarlike streek binne -
ek sal 'n paar van my bemanning met u saamstuur, ens.ens.

Biblio Codex Versameling U.S.